

20 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:1, 2

Fokusgedeelte: Hebreërs 11:1, 2

Definisie van geloof

Die definisie ken ons maar al te goed: *'n Ware geloof is versekerde kennis en 'n onwrikbare vertrouwe.* Maar wat beteken dit? 'n Versekerde, ontwyfelbare kennis is om te weet dat alles wat in die Bybel staan, die absolute waarheid is. Psalm 119:105 – *U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.* U Woord soos wat dit so presies, kort en kragtig vasgevat is in die Twaaf Artikels van van die algemene, ongetwyfelde Christelike geloof wat al reeds tussen die tweede en die vierde eeue sy beslag gekry het.

Johannes sê in hoofstuk 21:25: As alles met betrekking tot ons geloof, dit wil sê die verlossingswerk van God in Jesus een vir een beskryf moes word, sou die hele wêreld nie genoeg plek vir die boeke hê nie. Dit is waar: Mense wat in God glo, is baie seker dat God die dinge sal doen wat hulle hoop. Geloof is 'n bewys van die dinge wat 'n mens nie kan sien nie. Ons voorouers het in God geglo, en daarom sê die Ou Testament dat God tevrede was met hulle. Ons wat in God glo, verstaan dat God gepraat het en só die hemel en die aarde gemaak het. 'n Mens kan party dinge nie sien nie, maar God het daardie dinge gebruik om die dinge te maak wat 'n mens kan sien (*Die Bybel Vir Almal*).

In hierdie tye waarin verdrukking van Christene al meer en meer na vore kom, moet ons volhard in die geloof soos die bekende gelowiges uit die Ou Testament, die oog gevestig op Jesus, die Begin en die Voleinder van die geloof.

Sing: Psalm 119-1:7

Ds. JH Venter (Venterstad)